

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

Ds. PJ Kriel

15.05.2022

Inhoud Hierdie preek wys hoe sonde afhanklike verhoudings skep en gemeenskap disfunksioneel maak. Mense maak van bekering oorgawes aan die mag van afhanklike verhoudings en maak mekaar deur hulle geestelikheid mekaar se slawe. Deur ons sekerheid dat God ons altyd seën ook deur die kwaad wat ander ons aandoen, bly ons diensbaar en glo ons nooit in die mag van afhanklike verhoudings nie.

Skriflesing Rom. 5: 21, 6: 1, 2, 12 – 23; 8: 13 – 16; Genesis 50: 15 - 21

Teks Rom. 6: 15 “Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade? Hoegenaamd nie!”

Tema Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

1. Ons gaan vanoggend 'n derde keer kyk na die verskil tussen om sondes te doen en om in sonde voort te leef!

Volgens Rom. 6 is jy 'n slaaf van sonde wanneer jy deur die wet van God bemagtig voel om in sonde voort te leef. Paulus stel nog 'n beskuldiging van die Jode in Rom. 6: 15 teen Christene se geloof in Jesus Christus se genade om sondaars vir God en sy liefde reg te maak: Christene glo net in Jesus sodat hulle sonde kan en mag doen! Hierdie is 'n direkte beskuldiging teen hoe Jesus die Christus is – Hy gee sondaars die reg en bemagtig hulle om in sonde voort te leef!

Dit is wat die retoriese vraag beteken: “Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade?”

Paulus se antwoord is nie om op die verdediging te gaan en te wys waar en hoeveel keer het Jesus gesê het ons mag nie sondes doen nie. Hy wys wanneer en waardeur kry jy die mag en reg om sonde te doen en wanneer is jy vrygemaak van die mag en reg om sonde te doen! Sy antwoord is presies die teenoorgestelde as die opvatting van alle geestelikhede van hierdie wêreld

Hy stel dit in een sin: “Die sonde mag beslis nie oor julle heers nie; julle is immers nie onder die wet nie, maar onder die genade.” Om onder die wet te wees is om volgens die ou manier waarop die wet werk volgens Deuteronomium 28 te leef: God sal jou seën en vir jou goed wees wanneer jy die gebooie gehoorsaam en God sal jou vervloek en vir jou sleg wees as jy sy gebooie oortree. Dit beteken jy kry die reg en mag om sonde in sonde voort te leef, wanneer jy onder hierdie wet leef wat só werk en jy is vrygemaak van sonde wanneer jy onder die genade van die Here Jesus is. Onder die genade beteken dat omdat Jesus jou vloek dra jy altyd binne God se seën en goedheid leef, en God jou nooit vervloek nie. (Gal. 3) Die wet van God soos dit volgens Deut. 28 werk is die krag waardeur mense in sonde voortleef. (1 Kor. 15: 56) Die ou wet laat jou in sonde voortleef. Christus se genadeheerskappy maak jou vry daarvan om in sonde voort te leef, al doen jy nog sondes!

2. Die hoogtepunt van die Josef-verhaal in Genesis 50 is 'n baie duidelike voorbeeld van hoe mense deur die ou wet van God slawe van sonde is en in die werking van hul sondes voortleef, en hoe Christus se genade mense vry maak daarvan om in die

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

werking van hul sonde voort te leef. Josef se broers wys hoe mense onder die ou wet in sonde voortleef en Josef wys hoe gelowiges onder die genade vry van sonde leef.

In Genesis 50 sterf Josef en sy broers se pa. Hulle reaksie op hulle pa se dood is tipies van hoe mense onder die ou wet van God leef. Hulle word vervul met vrees om sonder hulle pa saam met Josef te leef en verwoord hulle vrees só: “As Josef ’n wrok teen ons koester, gaan hy ons beslis terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom aangedoen het.” (Gen. 50:15) God is sleg vir jou as jou kwaad doen en daarom mag jy sleg wees vir mense wat jou kwaad aandoen!

Van watter kwaad praat hulle?

Dit is eintlik die hele familie, hulle pa ingesluit, kwaad. Kom ons neem ’n voëlvlug oor hoe die hele familie Josef seer gemaak het vandat hy ’n seuntjie was. U ken hierdie verhaal!

Josef is is die jongste seun van Jakob se 11 seuns. Hy is die kleintjie in die huis. Sy pa het van die begin af Josef bederf! Dit word so berig: “Israel was lief vir Josef, meer as vir al die ander seuns want hy was vir hom die seun van sy ouderdom.” Gen. 37: 3 Seun van sy ouderdom beteken dit is die laaste seun in die huis wat hom nog jonk laat voel en Josef laat voel hy het nog iets om voor te leef.

Hierdie spesiale band wat Josef se pa met hom gehad het, het gemaak dat Josef so eie was met sy pa dat hy homself nie as een van die broers gesien het nie. Daarom word berig dat wanneer Josef as sewentienjarige seun saam met ouer broers was: “Josef het vir hom slegte gerugte gerugte oor hulle gebring.” Josef was ’n klikbek! Sy pa se sonde van besitlikheid met die jongste seun, het Josef as tiener bemagtig om sy pa se gesag as sy eie mag toe te eien.

Jakob het hierdie besitlikheid uitgeleef deur die ander 10 net gewone klere te gee maar: “Hy het vir Josef ’n lang rol met moue gemaak.” (Gen. 37: 3) Hy het Josef bederf! Met hierdie sonde van besitlikheid het Jakob Josef van sy broers vervreem: “Sy broers het opgemerk dat hulle vader lief was vir hom, meer as vir al sy broers. Hulle het ’n weersin in hom gekry, en kon nie met hom vriendelik praat nie.” (37: 4) Hulle het hom gehaat! (37: 18)

Met hierdie disfunksionaliteit wat Jakob in sy eie gesin geskep het, het die broers gevoel dat toe Josef hulle eendag in die veld kom opsoek het op opdrag van sy pa, hulle die reg en mag het om hom te vermoor. (37:18) Hulle was so hatig op sy spesiale jas dat hulle, na hulle Josef sou vermoor het, dit sou stukkend skeur en met bloed besmeer en vir hulle pas sou stuur om so ’n berig te stuur dat hy deur ’n wilde dier verskeur was.

Sy oudste broer Ruben het egter sy broers oortuig om hom in ’n put te gooi homself dood te gaan, sonder dat hulle hom hoef te vermoor, met die plan om hom tog te red en terug te stuur. Sy eie broer Juda, die ander was net halfbroers, het weer gesien hy kan geldmaak om sy eie boetie as slaaf aan slawehandelaars te verkoop, en dan gaan hy hom met die bou van die piramides in Egipte doodwerk. Dan kry hulle geld vir hom en hoef hulle hom nie dood te maak nie. Die Egiptenare sal dit doen!

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

In Egipte word hy egter deur 'n ryk en suksesvolle sakeman as slaaf gekoop en word hy 'n bevoorregte huisbediende. Josef het die Here gedien in hierdie slawe-posisie en die Here het Josef en Potifar geseën: “Vandat hy hom in sy huishouding en oor alles wat hy besit, aangestel het, het die Here die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef.” (39: 5)

As tienerseun het hy volgens die kleredrag van Egipte net met 'n romp in die huis gewerk, met kaal bo-lyf. Die Bybel stel dit só: “Josef het 'n mooi voorkoms gehad en was besonder aantreklik.” (37: 6) Die vrou van die huis het Josef gevra om by haar op haar bed te kom lê, en het so dag vir dag by hom aangelê. Josef het bly weier om nie hierdie kwaad te doen nie en toe het sy hom eendag gegryp om hom te verkrag. Josef het losgeruk en uit woede het sy die storie opgemaak dit was hy wat haar wou verkrag het. Potifar het Josef dadelik in die tronk laat gooi. Josef is volgens sy eie woorde weer in die put. (40:14) Oor sy lewe binne die tronk word berig: “maar die Here was met Josef in sy troue liefde en het na hom uitgereik. Hy het hom die guns geskenk in die oë van die hoof van die gevangenis. Die hoof van die gevangenis het al die gevangenis wat in die gevangenis was, onder Josef se beheer geplaas. Alles wat daar gedoen moes word, het hy gedoen ... die Here was met hom; en wat hy gedoen het, het die Here laat slaag. (39: 21)

In die tronk het Josef twee van sy vriende se drome uitgelê, en daarna vir een gevra dat wanneer hy weer by die Farao gaan werk, hy hom die guns moet doen om sy saak by die Farao te stel: “Hy is onskuldig in die tronk en moet dit vir die Farao vertel. Sy vriend het hom egter gou-gou vergeet vir twee jaar lank.

Eers na twee jaar het hy Josef onthou toe die Farao 'n droom gehad het en na Josef die droom uitgelê het is hy aangestel met die woorde: “Noudat God alles aan jou bekend gemaak het – daar is niemand so verstandig en wys soos jy nie, sal jy self hoof van my hofhouding word.” (41: 39)

3. Josef se hele lewe is ontwrig deur sy eie en sy pa en broers se sonde en daardeur was hy vervreem gewees van alles wat hy gehad het.

Sy pa se besitlikheid en sy eiemagtigheid het hom van sy broers vervreem. Sy broers se haat het hom van sy pa, sy familie, gemeenskap en land vervreem. Sy broer Juda se gierigheid het hom 'n slaaf gemaak. Potifar se vrou se wellus het hom 'n tronkvoël gemaak en sy vriend in die tronk se selfsugtigheid het hom sonder hoop in die tronk agter gelos.

Josef se broers leef soos Paulus dit stel onder die ou wet van sonde en dood. (Rom. 8:2) Dit blyk die duidelikste uit hulle poging om teenoor Josef vir hul sondes te vergoed. Hulle glo, dien en voel soos hulle in God glo volgens God se ou wet: God is goed vir jou as jy gehoorsaam is en sleg vir jou as jy ongehoorsaam is, en daarom leef hulle volgens die vergeldingsbeginsel ”n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Josef mag so optree. Hulle kan net die skade probeer beperk. Dit is sy reg en sy mag vir al die seer wat hulle hom aangedoen het!

Hulle beperk die skade deur 'n bekering “onder die wet van sonde en dood.” Rom. 8:2. Hierdie soort bekering werk só: ons erken die kwaad wat ons jou aangedoen

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

het, is jammer daaroor en sal jou slawe wees. Ons was eers die baas en het jou 'n slaaf gemaak en om reg te maak sal ons nou weer jou slawe wees omdat jy nou die baas is. Vir hierdie bekering moet hy vergewe deur net hul lewe spaar. "Sy broers het ook self gegaan, voor hom neergeval en gesê: "Kyk ons is u slawe." (50: 18) Dit is wat Paulus in Rom. 6 stel: sonde maak mense mekaar se slawe!

Sonde skep altyd 'n afhanklike verhouding tussen mense van een wat oorheers en die ander wat ondergeskik is. Mense oorheers mekaar en stel mekaar onderskik aan mekaar deur besitlikheid, eiemagtigheid, haat, gierigheid, wellus en selfsugtigheid soos in die Josef verhaal. En hierdie sonde word bekragtig met 'n opvatting oor God en sy wet dat jy mag oorheers omdat jy reg is en jouself moet onderwerp omdat jy verkeerd was. Dit is wat Paulus bedoel met "Besef julle nie as julle julleself vir iemand beskikbaar stel om hom as slawe te gehoorsaam, julle slawe is van die persoon aan wie julle gehoorsaam is nie?" (Rom. 6: 16)

4. So leef mense wat slawe van die sonde is voort in afhanklike verhoudings!

Josef moet die slaaf van sy pa se besitlikheid, sy broers se haat, die gierigheid van die slawehandelaars, die wellus van sy werkgewer se vrou en die selfsugtigheid van sy vriend wees, omdat hulle die krag en mag het om hom aan hulle sonde te onderwerp.

Wanneer hy weer die krag en mag kry om hulle weer aan sy wrokkigheid te onderwerp, dan moet hulle weer sy slawe wees en hom oor hulle laat heers.

Wat is voortleef in die sonde?

Dit is presies wat Josef se broers mee besig is. Dit is om in die ou wet van God die mag en die gewaande reg te kry dat om ander aan jou ondergeskik te maak. Om hulle te onderwerp en wanneer hulle weer die mag en reg aan hulle kant het, kan hulle jou jou weer aan hulle sonde onderwerp. So leef mense in sonde voort,

Eers leef ek in jou besitlikheid en as jy daaruit kom, dan leef jy in my woede,
Eers is ek in jou moordlus en as ek daaruit kom, is jy dan in my wraak,
Eers is ek in jou perversheid en dan is jy binne my eiemagtigheid,
Eers is ek in jou woede en dan is jy binne my vergelding.

En so gaan die sonde voort van geslag tot geslag! In hulle geloof bemagtig deur die reg van die wet van sonde en dood, omdat hulle glo dit is hoe God met mense maak! Dit is presies wat die geestelikes van hierdie wêreld met ons met regstellende aksie gedoen het: omdat ons eers mense oorheers het met mag moet ons nou onself weer aan hulle mag en oorheersing onderwerp om ons sondes reg te stel! Eers heerssugtig en dan gediensdig en gedwee, en dan kry ons weer die reg om heerssugtig te wees en hulle sal dan weer oor hulle sondes gediensdig en gedwee raak.

5. Josef kom met 'n geloofsbelydenis wat alles waarin sy broers glo breek en deur al die seer waarmee hy moes saamleef breek: Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad, met die doel om te doen wat vandag gebeur – om 'n groot volk aan die lewe te hou!" (Gen. 50: 20)

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

Josef glo in bedeling van liefdevolle genade – God wat ons as gelowiges altyd seën. U moet hier die verskil in geloof tussen Josef se broers en Josef ontdek. Sy broers stel dat hulle hom kwaad aangedoen hét. Josef stel dat hulle hom wóú kwaad aandoen. (50: 15) Josef glo dat hulle kwaad teen hom beplan het maar die kwaad wat hulle teen hom beplan het, het nie gebeur nie. (50:20)

Dit is nie sommer Josef wat sy seer ontken nie want hy het raakgesien dat die kwaad wat hulle bedoel en beplan het, het nie met hom gebeur nie. Sy pa wou met sy besitlikheid Josef vir altyd in die huis hou. Sy broers wou in hulle haat hom vermoor of deur Egipte se slawe-bedryf hom dood kry. Sy werkgewer se vrou wou hom haar eers 'n katelknaap en toe hom 'n tronkvoël vir altyd maak. Sy vriend in sy selfsug het hom vergeet om in die tronk dood te gaan.

Niks van wat hulle vir hom beplan het in hul sonde, het egter met hom gebeur nie. En deur sy seer en verlies, het God hom elke keer in sy troue liefde só geseën, dat die plek wat vir hom 'n vervloeking moes wees, sy ouerhuis, Egipte en die tronk, God vir hom tot 'n seën gemaak het.

Josef het God se troue liefde geken en vertrou en in en met elke seer en verlies. Daarom het hy nie sy seer gebruik om hom te bemagtig in 'n houding van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, of hom net aan die mag van hulle wat hom misbruik oorgegee niet, maar elke keer homself aan God se troue liefde toegewy en gedoen wat hy in elke nuwe situasie moes doen om God lief te hê.

6. Dit is die bedeling van God se genade, net vergifnis van die sondes wat ek doen nie, maar die sondes wat ek en my naaste my aandoen, kan nooit 'n mag wees wat mense se sondige planne vir en met my laat slaag nie. Die Here sal die kwaad van my en ander se sonde gebruik om vir my te seën. Só leef ons onder die genade en nie onder die werking van die wet: as ek goed doen, word ek geseën en as ek sleg doen word ek deur God vervloek nie. god het my in 'n nuwe bedeling geplaas waar Christus die voel van my sonde aan die kruis gedra het (Gal. 3) sodat God my altyd net sal seën en tot seën sal wees – deur goed en deur kwaad.

Wanneer hou jy aan met sonde doen met die gevoel en oortuiging dit is my reg, my krag en my mag? Wanneer die Here só met jou maak: ek beloon jou as jy goed doen en vervloek jou as jy sleg doen of wanneer die Here jou altyd deur alle goed en kwaad seën en nooit vervloek nie?

Sou Josef soos sy broers geglo het jy mag goed wees vir wie jou goed is en sleg wees vir hulle wie vir jou sleg is, net soos God met jou maak, dan was sy broers reg om hom afhanklik van hulle woede te maak en sou hy reg gewees het om nou dat hy weer die mag het, hulle sy afhanklikes te maak.

Maar só sou hulle almal in die sonde geleef het van die verhouding oorheersing deur woede en ondergeskiktheid deur wrokkigheid, en nooit net boers vir mekaar kon wees in diensbare liefde nie.

Daarom stel Paulus dat jy kan kies as gelowige aan watter bedeling jou wil onderwerp: die bedeling van die ou wet of die bedeling van Christus. Onder die ou

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

wet altyd bemagtig met die kwaad wat jy glo mense jou aangedoen het en daarom altyd besig om jou seer as rede te gebruik om mense vas te vang in afhanklike verhoudings met jou of onder die bedeling van Christus, altyd geseën deur al die goed en kwaad wat mense teen my beplan maar nie God se plan met my kan keer nie! God by my altyd seën ten spyte van my eie en ander se sondes. Dit is waarvan Josef se lewe 'n uitmuntende voorbeeld is.

In hierdie geloof eis ons nie dat mense soos Josef se broers eers hulle sondes moet bely, eers moet wys hulle is jammer, eers hulle self aan my moet ondergeskik stel voor ek hulle vergewe nie. Josef het nie hulle bekering aanvaar of hulle vergewe nie. Hy het nie eers reageer op hulle gedramatiseerde bekering nie.

Hy verseker hulle dat hy vir hulle en hulle kinders sal kos gee, want dit is die posisie waarin die seën van die Here hom deur al hul kwaad geplaas het. Dit is hoe dit werk in die bedeling van diensbare liefde onder die genade van die Here Jesus Christus. Hy kán hulle nie vergeld nie want al het hy seer gekry het hulle kwaad hom nooit getref nie. Hy was nooit in hulle mag en 'n slaaf van hulle sonde nie.

Josef was nie sy pa, sy broers, Potifar, sy vrou of die tronkbewaarder se slaaf nie. Deur alles het die Here hom steeds sy dienaar laat bly, in sy skewe ouerhuis, tussen hatige broers, in 'n huis met 'n sakeman wat nie vir sy vrou tyd gehad het en sy wat haar perverthede in Josef wou uitleef, het God Josef geseën.

Josef gebruik sy mag vir diensbare liefde!

Nooit 'n slaaf van mense se sonde onder die bedeling van die ou wet nie! Nooit in en deur God bemagtig met die houding 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand nie. Altyd die Here se dienaar binne sy seën en raadsplan. .

Wat is die verskil om 'n sonde te doen en voort te leef binne die krag en werking van sonde?

Die verskil gaan nie oor ons gesukkel om 'n spesifieke sonde op te hou doen of nie. die verskil gaan oor in watter bedeling leef jy. As jy glo God maak só met jou God beloon my goeie dade en God verguis my vir my slagte dade, sal jy voortleef in jou sondes, jou pa en a se sondes, jou oupa en oma se sondes en jou kleinkinders se sondes, want die een wat die mag het vergeld homself en die wie die mag verloor stel hulle gedienstig en gedwee ondergeskik.

Onder die bedeling van God se genade kan ek nooit my pa en ma, my kinders of kleinkinders se slaaf wees nie. Hulle kwaad kan nooit God se seën van my keer of weerhou nie. God het 'n ander plan vir my met die kwaad wat hulle teen my beplan.

Paulus wys dit duidelik. Dit is hulle wat hulle met en deur god se ou wet bemagtig oor kwaad wat hulle glo hulle getref het wat aanhou met die sondige bedeling van afhanklike verhoudings. Ons leef onder die genade waardeur ons altyd diensbaar in liefde is, al doen ons nog sondes! Ek is altyd weer tot diensbare liefde verbind wat God seën my altyd!

Omdat die Here ons altyd seën, is ons nooit slawe van sonde nie

“Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade? Hoegenaamd nie!”